### *Mathael die voorloper*

**109** **Thomas** sê: "Jy dink nou seker dat jy `n groot profesie gedoen het, en dat ons dit sonder jou nie sou weet nie?! Jy is tog wel, ondanks al die groot, wyse woorde wat jy nou al meer as `n halfjaar gehoor het, `n arme, dom sukkelaar!

[2] Sedert wanneer staan lig en duisternis nie vyandig teenoor mekaar nie? Wanneer was lewe en dood ooit in broederlike eendrag met mekaar verenig? Wanneer het rasende honger en volledige versadiging mekaar in paradyslike vrede die hand gereik? Dwaas! Dit spreek tog vanself dat as van hieruit die grootste en helderste lig uit die hemel in die dik, aardse duisternis sal dring, dit nie sonder teëwerking sal gaan nie!

[3] Kyk na die onmeetlike ysvelde van die geweldig hoë Ararat! By hul huidige geringe graad van warmte, wat die wyse Egiptenare aan die hand van kleur en vastheid van die ys vasgestel het, smelt dit nie. Maar laat die somerhitte van Agter- Egipte eendag op sulke ysvelde los, dan sal gou al die ys in water verander! Maar wee dan die dale wat deur daardie smeltwater oorstroom sal word!

[4] En kyk, wat vir die materie onvermydelik is, sal voortaan in die geestelike sekerlik nog minder uitbly!

[5] As ons egter al begin om met die swaard in die hand die evangelie van Elohim te verkondig, dan sal ons des te eerder die swaard van die wêreld teen ons oproep. Begin ons egter met die wapen van die vrede, wat liefde heet, dan sal ons ook veelvuldig die vrede vind.

[6] Dat so `n hemelse gawe naderhand oorloë en allerlei stryd sal teweegbring solank die stoflike wêreld ten gevolge van die goddelike orde moet bly wat dit altyd was, nog is en ook sal wees en bly, is iets vanselfsprekends en dit hoef nie geprofeteer te word nie. Maar juis deurdat op die manier van Mathael aan ietwat begrypender mense die heidendom getoon word as iets wat in oorsprong belaglik en dom en absoluut sonder enige inhoud is, sal in elk geval geen te groot en verderflike weerstand as `n alles vernietigende krag teen ons opgeroep word nie!

[7] As jy dit wat ek jou nou aangetoon het, ook maar `n bietjie na waarde geskat het, moet jy die totale onsin van jou teenoor my uitgesproke profesie wel duidelik insien!"

[8] **Judas** sê: "Ja, ja, jy is altyd die wyse Thomas en alles wat ék sê moet dom wees! Jy het natuurlik gelyk, maar dit erg my dat ék nooit gelyk kan hê nie! Ek kan iets hóé goed oordink voor ek dit uitspreek - en as ek dan my mond maar oopmaak, val elkeen my oor die uitgesproke domheid aan, soos die leeu `n lam! Ja, daarvan sou jy dan tog van ergernis soos `n opgeblase boompadda uit jou vel kon spring! Maar van nou af aan sal ek geen woord meer sê nie, maar stom wees soos `n stuk hout, dan sal julle tog niks oor my te sê hê nie?!"

[9] **Thomas** sê: "Ja, doen dit, dan is jy `n wyse man!"

[10] Toe roep **Mathael** vir Thomas en sê aan hom: "Ek dank jou in naam van die goeie saak dat jy broer Judas so `n gematigde berisping gegee het. Want dit het hom geen kwaad gedoen nie, en miskien sal vir hom dit, wat hy hier as `n belediging van sy verstand beskou, in die ander wêreld wel ten goede kom, want van innerlike wysheid is by hom nog lank geen spoor te herken nie, en dit sal daar heel waarskynlik in sy huidige lewe ook nooit kom nie.

[11] Maar laat hom in die vervolg maar met rus, want sy siel kom nie van bo nie, en sy gees is te siek en te swak om sy harde, wêreldse siel te versag en netsoos die van julle tot lewe te bring!"

[12] Toe voeg **Ek** My by hulle en sê aan Mathael: "Helaas, `n werktuig soos wat jy vir My is, is seldsaam en daarvoor moet Ek jou nou lof toeswaai! Gaan maar so voort, dan sal jy vir `n ander apostel, wat Ek eers later uit My vyande sal opwek, by die heidene `n bekwame voorloper wees! En nou gee Ek jou paslik die uitdruklike versekering dat jy en jou vier broers nooit weer die siekte waaronder julle so gely het, sal terugkry nie! Jy moet egter jou vier broers hul plek aanwys en vir hulle die regte pad aanwys.

[13] Ons sal nou nog `n paar dae hier deurbring en more op die sabbat sal daar nog heelwat gebeur waarby jy My goed van diens kan wees; want jy is een wat vir die wêreld of die dood nie bang is nie, en daarom is jy ook vir My so `n bekwame werktuig.

[14] Bring My nou na Helena, want sy verlang baie na My, en daarom gaan ons na haar toe om haar te versterk!"

[15] **Mathael** sê: "O Meester, hoe `n oneindige genade is dit vir my! U, my Skepper, laat U deur my na haar bring, wat netsoos ek U skepsel is! Maar die meisie is rein en vol goeie wil, sy weet beslis van geen sonde nie, en dan loon dit wel die moeite om so `n hart te versterk, waardeur later talle duisende gesterk kan word!"

### *Die soeke na Elohim*

**110** Na hierdie woorde gaan Ek, Mathael en Jarah, wat voortdurend by My bly, na Helena en haar vader Ouran.

[2] As **Helena** My na haar toe sien aankom, bars sy in vreugdetrane uit en sê na `n tydjie: "Ek twyfel al baie daaraan of my die barmhartigheid ten deel sou val om U, die Meester van my lewe, by my te sien

en met U te praat! Maar nou is alles reg! Want U, wat my hart en my verstand pas híér so oneindig wonderbaarlik leer ken het, het Self na my toe gekom! O, jubel nou luid my arme hart, want Hy wie se Gees jou polsslag van die wieg tot die graf vooraf getel het, staan voor jou, en bring jou die gewyde krag waardeur eendag jou dood soeter sal smaak as heuningseem!"

[3] Dan swyg sy weer en **Ek** sê aan haar: "Helena! Harte wat so liefhet soos díé van jou, hoef ewig geen dood te vrees nie, en sal dit nooit smaak nie, nie soet en nie bitter nie!

[4] Want kyk, Ek Self is die lewe en die opstanding, en wie in My glo en My liefhet soos jy, sal ewig die dood nie sien, nie voel en nie smaak nie!

[5] Wel sal eenmaal die sware liggaam van jou afgeneem word, maar dit sal nie pynlik vir jou wees en jou nie wesenlik raak nie, maar deur My gees van die liefde, wat in jou is en groei tot `n volkome gelykheid met My ewige Gees, sal jy in een oomblik oorgaan van hierdie sware, onvrye lewe na die stralendste sielelewe! - Liewe Helena, verstaan jy dit nou al?"

[6] Maar Helena kan deur ontroering geen woord uitkry nie, en huil terwyl haar hart hom in `n staat van hoogste verrukking bevind. Dit duur geruime tyd en nog steeds is Helena so ontroer van vreugde omdat Ek na haar toe gekom het, dat trane van vreugde haar die spraak belet sodra sy verder wil gaan om My te bedank.

[7] **Ek** sê toe weer aan haar: "Liewe dogter, sê maar niks, want die taal van jou hart is vir My baie beter as die mooiste woorde!

[8] Want sien, daar is nou reeds hulle op aarde, en hulle sal in die toekoms meer word, wat aan My sal sê: 'Meester, Meester!' En Ek sal hulle dan antwoord: 'Waarom roep julle, vreemdelinge?! Ek ken julle nie, en het julle nog nooit geken nie! Want julle is nog altyd kinders van die vors van leuen, hoogmoed, boosheid, nag en van alle duisternis! Gaan daarom weg van My af, julle onverbeterlike boosdoeners!' En Ek sê vir jou dat by hulle dan baie gehuil en tandegekners sal wees!

[9] Hulle sal hul god in die eindelose, onbereikbare vertes en dieptes soek en hom nie vind nie, omdat dit vir hulle te eenvoudig was om My by hulself te soek, naamlik in hul hart!

[10] Helaas, wie Elohim nie soek soos jy Hom gesoek het nie, dié sal Hom nie vind nie, ook nie in ewigheid nie!

[11] Elohim is Self die reinste en eindeloos magtigste liefde, en kan daarom slegs deur die liefde gevind word!

[12] Jy word dadelik al deur die liefde gedryf, hoewel jy meen te sondig deur My lief te hê , en kyk, jy het My gevind. - Ek kom jou en ook jou vader Ouran meer as halfpad tegemoet. Op soortgelyke wyse sal in die toekoms almal wat My wil vind, My óók moet soek en hulle sal My vind soos jy My gevind het.

[13] Maar wie My met hul hoogmoedige verstand sal soek, sal My in ewigheid nie vind nie!

[14] Want wie My met die verstand soek, lyk na `n mens wat `n huis koop waarvan hy hoor dat daaronder `n groot skat verborge lê. Toe die huis syne is, begin hy daaronder nou eers hier, dan weer daar te grawe, maar hy span hom nie werklik in nie, grawe slegs oppervlakkig en vind daarom die skat, wat diep begrawe lê, nie. Toe dink hy: 'Aha, ek weet wat ek gaan doen, ek gaan buite om die huis heen grawe en op dié wyse sal ek seker gouer op die spoor van die begraafde skatte kom!'

[15] Dus begin hy buite die huis te grawe en vind die skat natuurlik nie omdat dit in die middel onder die laagste deel van sy huis lê, en hoe verder van die huis hy nuwe gate graaf om die skat te vind, des te minder vind hy die skat, wat tog die rede was waarom hy die hele huis gekoop het. Want wie dáár iets soek waar dit nie is nie, en nooit kan wees nie, kan die gesoekte ook onmoontlik vind.

[16] Wie vis wil vang, moet met die net die water in, want in die lug swem geen visse nie. Wie goud wil delf, moet nie met `n net in die see soek nie, maar na die dieptes van die berge gaan.

[17] Met die ore kan mens nie sien en met die oë nie hoor nie. Elke sintuig het sy kenmerkende bou en is daardeur vir `n bepaalde soort werk bestem.

[18] So is die hart van die mens, wat die meeste aan Elohim verwant is, alleenlik bestem vir die soeke en ook die vind van Elohim, om daarna by die gevonde Elohim `n nuwe, onverwoesbare lewe te kry. Wie Elohim egter met `n ander sintuig soek, kan Hom net so min vind soos `n mens met sy ore, neus of oë die son kan vind of sien, wanneer hy homself stewig geblinddoek het.

[19] **Die ware en lewende sintuig van die hart is die liefde.** Wie hierdie innerlike lewensintuig op die regte manier opwek en daarmee Elohim gaan soek, sal Elohim net so seker en sigbaar vind soos wat enige mens, tensy hy volledig blind is, met sy oog die son vind en sy skynende vorm sien.

[20] Wie `n wyse woord wil hoor, moet sy ore nie toestop en met sy oë wil hoor nie. Want die oog sien wel die lig en al die verligte vorme, maar die meer geestelike vorm van die woord is nie sigbaar nie, en is slegs maar met die ore te hoor. - Verstaan julle dit alles goed?"